

# Ludwick kan vonke laat spat

**Sarel van der Walt**

Durban. – Vier jaar gelede het Ludwick Mamabolo die sogenaamde af-Comrades tussen Pietermaritzburg en Durban gewen.

Twee jaar gelede was hy die naaswenner en vanjaar het hy in die Om die Dam- én Twee Oseane-wedlope goue medaljes verower.

In geeneen van dié wedlope het hy hard gehardloop nie.

Daarom moet Mamabolo nie Sondag in vanjaar se Comrades afgeskryf word nie. Hy het al vyf keer onder die gouemedalje-wenners geëindig.

Die Nedbank-atleet sal boonop wil vergoed vir sy groot teleurstelling verlede jaar in die op-wedloop Pietermaritzburg toe. Mamabolo kon weens 'n besering nie die wedloop voltooi nie.

Hy is iemand wat nie 'n gebrek aan selfvertroue het nie en dit kan hom Sondag goed te pas kom wanneer dinge begin moeilik gaan en die pas haastig word.

Sy spanmaat Claude Moshywa, die 2013-wenner, was verlede jaar sesde en kan dalk net

vanjaar sy sewende goue medalje in dié wedloop loshardloop.

Verlede jaar het die Ethiopier Mohammed Husien tweede geëindig ná Gift Kelehe nadat hy by Drummond, die halfpadkerf, die voortou geneem en Kelehe hom eers by Cato Ridge ingehaal en verby gegaan het.

Mongmusa Mthembu (Arthur Ford), die verdedigende kampioen, is 'n slim hardloper en het 'n goeie opbou tot vanjaar se wedloop gehad. Hy was vierde in die Zoeloeland-marathon en 12de in die Twee Oseane.

Maxed Elite se Mncedisi Mkhize, wat in 2007 derde was, is ook top-fiks en slaggereed.

Hy het al ses goue medaljes in die Comrades verower en vanjaar die Zoeloeland-marathon gewen. Hy en Mncedisi sal baie aanmoediging langs die pad hê omdat albei KwaZulu-Natallers is.

Atlete uit Lesotho het die laaste paar jaar uitstekend in die Twee Oseane presteer en dit is seker net 'n kwessie van tyd dat hulle ook goed begin doen in die Comrades. Teboho Sello het verlede jaar sy eerste goue medalje gewen, en kan



**Ludwick Mamabolo tydens die Comrades-wedloop van 2014.**  
Foto: FELIX DLANGAMANDLA

weer so maak. Sy landgenoot Mabuthile Lebopo het met sy vierde plek in die Twee Oseane gewys hy kan ook 'n faktor wees.

Dan is daar natuurlik die Zimbabwiërs Stephen Muzhinge, 'n rateltaai driemaalige wenner, Mike Fokoroni, vanjaar se Twee Oseane-wenner, Prodigal Khumalo en Marko Mombo.

Kelehe en sy Tomtom-spanmaats David Gatebe, Gaolatlhe Lesetedi, Peto Gaebetse en Latudi Makofane, hoop om 'n medalje in die spanafdeling te verower.

Kelehe wil die eerste Suid-Afrikaner sedert Bruce Fordyce in die 1980's word om twee agtereenvolgende Comrades-titels te verower.